



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 12

RELIGIESTUDIES V2

NOVEMBER 2013

MEMORANDUM

PUNTE: 150

Hierdie memorandum bestaan uit 13 bladsye.

VRAAG 1

LW: In 1.1. Alhoewel daar drie voorbeelde vir elke onderafdeling aangebied word, word die kandidaat gekrediteer vir ENIGE ander godsdien gekies.

1.1 1.1.1

Inspirasie

LW.: Spirituele inspirasie voortspruitend uit gebed/meditasie is aanvaarbaar.

Afrika Tradisionele Godsdien

- Mense kommunikeer met die voorvaders en ontvang boodskappe van hulle deur drome en visioene.
- Mediums en waarsêers spesialiseer in kommunikasie met die voorvaders en geeste in die algemeen. Daar word geglo dat hulle op 'n bonatuurlike manier insig in die onbekende of die toekoms gekry het of dit ontdek het.
- Die mediums gaan dikwels deur die proses van dood en hergeboorte gedurende hul opleiding.
- Die persoonlikheid van die medium word beëindig en die medium of waarsêer ontvang 'n nuwe persoonlikheid.
- In Suidelike Afrika rus die priesterlike funksie van tussenganger tussen die godheid en mense gewoonlik by die hoof van die familie.
- Hierdie tussengangers is die voorvadergeeste (soms ook bekend as die lewende dooies, die skadu's of geringe godhede).
- In sommige gebiede kan 'n natuurlike voorwerp, veral 'n dier, aangeneem en gerespekteer word as 'n embleem van 'n stam of individu. Die stam of individu kry dan die naam van die dier of natuurelement om te bewys dat hulle geïnspireer is.

Hindoeïsme

- In Hindoeïsme word absolute voorkeur gegee aan die oorspronklike klank van die gesproke woord.
- Die oorspronklike inspirasie het ten minste 4 000 jaar gelede gebeur.
- Die oorspronklike inspirasie is deur geskrewe teks aan latere generasies oorgedra sodat hulle daardeur bevoordeel kon word.
- Oorspronklik geopenbaarde en gehoorde geïnspireerde skrifte word onderskei van sekondêre skrifte.
- Die Hindoegodsdien het baie godhede wat vir hulle as inspirasie dien en hierdie godhede hou hul spirituele lewens gesond.
- Hindoeïsme gebruik ook baie ander heilige tekste soos die Puranas waarin die antieke geskiedenis van Hindoeïsme opgeteken is.
- Die Puranas handel ook oor onderwerpe soos die skepping en die einde van die heelal.

Judaïsme

- In Judaïsme is daar 'n Tora wat op die Berg Sinai aan die Joodse volk geopenbaar is.
- Inspirasie het plaasgevind toe God met individue gepraat het soos dit in die Bybel aangeteken is – dus, die Ou Testament.
- God het Homself deur die profete geopenbaar.
- God het met die profeet Jesaja, Hosea, Maleagi, Jeremia en ander gepraat.
- Die Joodse godsdiens het oor oorspronklike en sekondêre inspirasies wat tot die samestelling van baie boeke oor Judaïsme gelei het.
- Die primêre geskrifte word gesamentlik die Tanag genoem en dit is bekend dat dit deur inspirasie geopenbaar is. Dit word dus beskou as die openbaring van God se Woord.
- Moses is geïnspireer toe hy die mondelinge wet op die Berg Sinaï ontvang het.
- Hierdie geïnspireerde boodskappe is van een generasie na die volgende oorgedra tot vandag.
- Die profete en die geskrifte word beskou as goddelik geïnspireer, maar nie goddelik gedikteer nie.

(10)

1.1.2

Mondelinge tradisie**Afrika Tradisionele Godsdiens**

- In hierdie godsdiens speel mondelinge tradisie 'n belangrike rol.
- ATG het nie 'n heilige boek nie.
- In ATG is mondelinge tradisie die heiligste metode om heilige boodskappe oor te dra.
- Die heilige stories help om die norme en waardes van die Afrikasamelewing oor te dra.
- Die stories bevat die kernleringe van Afrika Tradisionele Godsdiens.
- Die oudstes ('elders'), soos die verantwoordelike en gerespekteerde ooms en tantes, speel 'n belangrike rol om te verseker dat die jonger generasie behoorlik tot volwassenes ontwikkel.
- Die familie-oudstes speel 'n belangrike rol as die houers en interpreteerders van heilige teks.
- Tradisionele kennis word mondelings oorgedra na die volgende generasie.
- Mondelinge tradisie laat buigbaarheid en plaaslike konteks toe.

Hindoeïsme

- Die Hindoegodsdiens plaas klem op die klank van 'n gesproke woord.
- Soos in baie ander godsdienste is die oorspronklike inspirasie in Hindoeïsme eers deur mondelinge tradisie oorgedra.

- Deur mondelinge tradisie kon Hindoevolgelingte toegang tot die oorspronklike boodskappe kry.
- Die Hindoegelowiges kan ook die boodskappe van een generasie na die volgende oordra.
- Alhoewel mondelinge tradisie oor tyd baie verander, ontwikkel en aangepas het, word dit steeds vandag ervaar.

Judaïsme

- Die Jode praat van 'n skriftelike en mondelinge wet.
- Alhoewel dit heilig is, het die mondelinge tradisie nie dieselfde status as die Tora nie.
- Die mondelinge gedeeltes van die Tora kan nie van die Tora geskei word nie.
- Die mondelinge wet verduidelik die Tora. Die mondelinge Tora is van een generasie na die volgende oorgedra totdat dit opgeskryf is.
- Toe die Tora geskryf is, is dit vergesel van 'n ryk mondelinge tradisie.

(10)

1.1.3

Heilige skrif

Afrika Tradisionele Godsdiens

- ATG het nie 'n heilige boek nie.
- Verskillende kulturele skrywers het egter geskrewe dokumente oor die norme en waardes in ATG opgestel.
- Skrywers soos Credo Muthwa het ook waardevolle inligting aangeteken.
- Die San het ook belangrike dokumente geskryf wat nuttig is in die spirituele lewe van die volgelingte van ATG.
- Daar is gedigte wat deur verskillende skrywers geskryf is, wat ook dien as 'n poging om die morele waardes van die gemeenskap oor te dra.
- Daar is Afrikastories wat dien as die heilige bron van spirituele en sosiale lewe vir diegene wat Afrika Tradisionele Godsdiens beoefen.

Hindoeïsme

- Die eerste van die heilige boeke is die Vedas.
- Die Hindoes glo dat hierdie geskryfte 'n heilige oorsporing het.
- Die Vedas gee kennis van die heilige lewe.
- Die Vedas is geskryf deur die mense bekend as Rishi's – sieners of wyses wat na lewenswaarhede gesoek het.
- Die skrywers van die Vedas het probeer om 'n begrip van die ewige wêreld te verseker.
- Die innerlike ondersoek word in die Upanishads verduidelik.
- Hindoeïsme het groot versamelings met ander godsdienstige literatuur, insluitend handboeke van die ses skole van Hindoeïlosofie. Hierdie versamelings is daar om Hindoevolgelingte te help met inligting wat hulle spiritueel sal voed.

(10)

Judaïsme

- Die primêre geskrifte staan bekend as die *Tanag*.
- Die korpus geskrifte word gebruik van die geopenbaarde Woord van God waardeur God met sy volk kommunikeer.
- Die geskrewe Tora word in die volgende afdelings verdeel: Die Tora, Nevim en Ketuvim.
- Die Tora speel 'n belangrike rol in die gebruik van die *Tanag* om te verseker dat die heilige wet aan al die generasies oorgedra word.
- Die geskrewe tradisie, soos die *Tanag*, stel die leser in staat om die teks volledig te ontleed om sodoende die teks en al sy boodskappe en lesse ten volle te verstaan.
- Die Talmoed dra dikwels regsbegingsels deur stories oor.

1.2 Islam

- Koran 4:32 en 33:35 handel oor die verhouding tussen mans en vroue wat gelyke regte het en die feit dat beide mans en vroue gelyke pligte het wat God wil hê hulle as sy volk moet vervul.
- Die bogenoemde kan verkeerd geïnterpreteer word asof dit beteken dat vroue en mans dieselfde pligte en verantwoordelikhede as man en vrou in die huwelik het.
- Dit kan buite konteks geïnterpreteer word en so die bedoelde betekenis verloor.
- Dit kan ook verkeerd geïnterpreteer word asof vroue nie hul pligte as moeders en vroue in hul gesinne moet vervul nie.
- Die ander verkeerde interpretasie kan wees dat vroue alles kan doen wat mans doen, wat die feit dat mans en vroue fisiologies nie dieselfde is nie, miskyk.
- Hierdie verkeerde interpretasie kan maklik die oorspronklike bedoeling miskyk, bv. gelyke spirituele vergoeding en prestasie, gelyke status en vryheid en gelyke ekonomiese regte.
- Dit kan ook verkeerd geïnterpreteer word asof mans nie hul vroue en gesinne as mans en vaders hoef te ondersteun nie.
- Mans kan deur verkeerde interpretasie hul vroue finansiëel oorlaai en nie hul primêre pligte as broodwinners en beskermers van hul gesinne nakom nie.
- Vroue kan in sekere gevalle die geskrifte verkeerd interpreteer en vind dat hulle mans uitdaag en hulle nie gerespekteer, (wat tot wedersydse respek lei), nie.
- Hierdie verse kan ook verkeerd deur vroue geïnterpreteer word as hulle aanvaar dat daar geen reëls is vir mans en vroue in hul daaglikse ontmoetings nie.
- Die beginsel van geregtigheid kan misgekyk word, al beklemtoon die verse dit eintlik deur hul klem op gelykheid.

Christendom

- In 'n brief wat deur Paulus aan die Efesiërs geskryf is, word gesê dat vroue hul mans moet respekteer en mans hul vroue moet liefhê.
- Die mans is geneig om respek te vereis, selfs al mishandel hulle hulle vroue.
- Mans is geneig om te vergeet dat vroue waardigheid as mense het en soos alle mense en God se skeppings, ook respek verdien.
- Mans is ook geneig om te dink dat egbreek tussen hulle aanvaarbaar is en dat dit net 'n sonde word as dit deur 'n vrou gedoen word.
- Die waninterpretasie van hierdie vers kan ook die mishandeling van vroue, soos fisiese aanranding, vererger.
- Indien die beginsels van hermeneutiek nie in die interpretasie van hierdie vers en ander tekste toegepas word nie, kan mans van vroue verwag om minderwaardig teenoor mans op te tree wees deur kan hulle so eienaarskap oor hul liggame eis.
- Mans kan ook dink dat seksuele mishandeling van vroue hul reg is, wat tot verkragting in die konteks van die huwelik kan lei.
- Die waninterpretasie van hierdie vers kan ook veroorsaak dat vroue van mans verwag om hul lief te hê en dat hulle sal dink dit is nie nodig om hul mans ook lief te hê nie. Vroue kan ook van mans verwag om hul liefde op 'n onredelike manier deur materiële geskenke te wys.
- Die gebrek aan balans tussen liefde en respek tussen getroude mans en vroue kan veroorsaak dat huwelike verbrokkel.

Afrika Tradisionele Godsdiens

- Die lering oor ilobolo/mahadi as 'n lering in die normatiewe bronne word op 'n verskeidenheid maniere verkeerd geïnterpreteer.
- Die betaling van ilobolo/mahadi kan verkeerdelik as 'n verkoopprys deur die bruidegom geïnterpreteer word.
- Ilobolo/Mahadi kan verkeerd deur die bruid se familie geïnterpreteer word as 'n prys, wat tot te hoë bedrae kan lei.
- Nadat hy ilobolo/mahadi betaal het, kan die bruidegom dink hy het toestemming om die vrou as 'n voorwerp of eenvoudig as sy besitting te behandel.
- Die waninterpretasie van hierdie lering kan veroorsaak dat mans dink hulle is beter as vroue.
- Mans kan ook dink dat hulle, deur ilobolo/mahadi te betaal, die vroue as hul seksobjek gekoop het.
- Die waninterpretasie kan ook veroorsaak dat mans dink vroue is geskep om hulle seksuele behoeftes te bevredig.
- Sommige mans kan ook dink dat hulle volle gesag oor die vroue het.
- Die waninterpretasie kan ook veroorsaak dat vrouens gedwing word om kinders te hê selfs al is hulle liggaamlik swak.
- Die waninterpretasie kan ook veroorsaak dat vroue in 'n huwelik bly, selfs al word hulle onuithoudbaar mishandel. Die vrou kan dink dat sy nie die huwelik mag verbreek nie, omdat ilobolo betaal is.

- Die kombinasie van bekendheid en respek waarmee die lewendes die dooies behandel, hang af van 'n sekere gesin of familie se kennis van hul geskiedenis. Indien dit nie bekend is nie, kan dit baie waninterpretasies in die primêre heilige teks veroorsaak.
- Sekere prosedures vir interpretasie van heilige tekste moet gevolg word. Gewoonlik is die broer aan moederskant (malome) en die suster aan vaderskant (rakgadi) die sleutel om die heilige stamboomteks te ontsluit in orde van senioriteit en bekendheid. Op hierdie manier het mans nie 'n kans om vroue te onderdruk nie, omdat hulle die seën van beide families het en die korrekte prosedures gevolg het.
- In die interpretering van sekondêre tekste neem die koning of stamhoof die leiding. Die tradisionele geneser van die koninkryk moet ook deelneem. Indien die bogenoemde uitgesluit word, word dit 'n waninterpretasie en kan dit probleme in die familie veroorsaak sodat mans vroue onderdruk.

LW: Die kandidaat moet gekrediteer word vir generiese hermeneutiese beginsels wat met die onderdrukking van vroue verbind kan word.

(20)
[50]

VRAAG 2

- 2.1
- **Vroeë skoolverlaters** – Die meeste seuns wat die skool te vroeg verlaat, dwaal in die townships rond en raak gefrustreerd. Hulle wend hulle dan tot hierdie gewelddadige gedrag as 'n vorm van verligting.
 - **Groepsdruk** – Die mense jong seuns hou daarvan om hulle vriende tevrede te stel om so te voel dat hulle aan die groep behoort (identiteit). Hulle wil voel dat hulle deel van die groep (bende) is.
 - **Dwelms- en alkoholmisbruik** – Omdat so baie jongmense by dwelms betrokke is, doen hulle as gevolg van hulle toestand dinge waarvan hulle nie bewus is nie.
 - **Werkloosheid** – Werklose jeugdige raak verveeld en raak betrokke by seksuele geweld, wat tot misdaad lei om geld te kry om in hul behoeftes te voorsien.
 - **Gesinne met kinderhoofde** – In sommige gesinne is seuns die broodwinners en hulle gaan uit om 'n manier te soek om hul gesinne te onderhou.
 - **Armoede** – Die meeste jong seuns is van arm gesinne en word erg verwaarloos. Hulle pleeg dan misdade om aandag te kry en om wraak te neem omdat hulle nie die liefde kry wat hulle verdien nie.
 - **Seksueel aktief op 'n vroeë ouderdom** – Dit veroorsaak 'n leuen dat hulle met alle ouderdomsgroepe moet eksperimenteer om ware mans te wees.
 - **MIV/Vigs** – Daar is die geloof dat as jy MIV-positief is, jy by 'n ouer vrou moet slaap om van die virus ontslae te raak.
 - **Kultuur** – Die meeste van ons Afrika-kulture gee mans tradisioneel mag oor vroue. Vroue word dus in verhoudings geforseer waar mishandeling soos fisiese geweld, en dikwels verkrachting plaasvind.

- **Gebrek aan onderwys** – Gesondheid en seksuele onderwys moet na jongmense gebring word sodat hulle bewus kan wees van seksuele kwessies, skole, huise, gemeenskapsorganisasies en godsdienstige groepe.
- **Gebrek aan deelname aan sport** – As die gemeenskap nie sportprogramme het om die jeug konstruktief besig te hou nie, sal jongmense misdaad pleeg.
- **Seksuele materiaal** – Maklike toegang tot pornografie en eksplisiete seksuele materiaal dra by tot seksuele eksperimentasie.
- **Oneffektiewe geloofgebaseerde organisasie** – geloofsgebaseerde organisasies is nie so effektief om die jeug te bereik soos wat dit in die verlede was nie.

LET WEL: Die bogenoemde is moontlike antwoorde. Ander soortgelyke antwoorde moet as korrek aanvaar word. Dit is nie nodig vir die kandidaat om op elke gestelde rede uit te brei nie.

(20)

2.2

- Begin seksopvoeding onder die jeug.
- Debatteer die ABC-benadering tot seksualiteit en vergelyk met Joodse leringe oor seks.
- Die vereiste dragkodes van godsdienste moedig kuisheid aan en verminder verleiding.
- Leer regte en verantwoordelikhede, asook respek, vir mans en vroue.
- Seks voor die huwelik word ontmoedig. Dit moet beklemtoon word dat dit as 'n groot sonde in die meeste godsdienste beskou word. Godsdienstige inisiasie (deurgangsrites) moet aangemoedig word onder die jeug, omdat dit seksopvoeding insluit.
- Verduidelik die grense van gedrag tussen mans en vroue. Neem deel aan gesondheids- en sport-/jeugprogramme.
- Regering ondermyn nie godsdienstige leringe nie, maar ondersteun dit, bv. Morele Hergenerasieprogram.
- Moedig bespreking aan oor hoe die Grondwet met ander godsdienstige leringe vergelyk kan word, bv. Wet op Kinderbeskerming laat 'n 12-jarige toe om sonder ouertoestemming toestemming te gee vir MIV-toetsing.
- Bespreek godsdienstige leringe oor voorbehoedmiddels.
- Gemeenskapsorganisasies soos *LeadSA*, *POWA* kan saam met godsdienstige organisasie werk aan 'n veldtog teen verkragting.

LET WEL: Die bogenoemde is sommige van die moontlike antwoorde. Ander soortgelyke antwoorde moet as korrek aanvaar word.

(10)

2.3

- Besnydenis in die Afrika Tradisionele Godsdienste help seuns om hul bestaan as mans te verstaan en om te weet hoe om hulself en vroue te respekteer.
- Die lering van die ATG dat seuns inisiasieskole moet bywoon, kan help om die hoë voorkoms van verkragting te verlaag.
- In die inisiasieskool kan die jeug opgelei word oor die norme en waardes man- en vrouwees.
- Die wet van Karma moedig verantwoordelike gedrag aan.

- Hierdie lering leer dat 'n persoon se optrede in die verlede verantwoordelik is vir sy/haar huidige staat. Hierdie lering kan in die gemeenskap en in gesinne beklemtoon word.
- Tien gebooië in Christendom.
- Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.
- Christendom leer dat jy jou medemens moet liefhê en respekteer.
- Doen aan ander wat jy aan jouself gedoen wil hê.
- Die Bybel leer dat jy nie aan ander moet doen wat jy nie aan jouself gedoen wil hê nie.
- In die Ou Testament word gesê dat indien 'n deel van jou liggaam veroorsaak dat jy sondig, jy daardie deel moet verwyder.
- Die morele kodes van die Baha'i-geloof.
- Baha'i verbied losbandigheid, egbreuk, moord, dwelmmisbruik en ander vorme van die bose.

LET WEL: Die bogenoemde is sommige van die moontlike antwoorde. Ander soortgelyke antwoorde moet as korrek aanvaar word. Verwysing na TWEE of meer godsdienste is aanvaarbaar. Indien 'n kandidaat slegs na een godsdienste verwys, word 'n maksimum van 10 punte toegeken.

(20)
[50]

VRAAG 3

3.1 Boeddhisme

- Baie Boeddhiste sê dat ewolusieleer en Boeddhisme ooreenstem.
- Dit is as gevolg van drie eienskappe van Boeddhisme.
- Boeddhisme het nie 'n skeppingsverhaal nie.
- Die Boeddhiste gee nie om wat wetenskap oor die skepping sê nie.
- Boeddhiste glo dat alle lewe ewolueer deur konstante transformasie en ewolusie.
- Boeddhiste glo in die kontinuïteit van alle lewende wesens.
- Boeddhiste het nie 'n probleem met die idee dat mense uit aapagtige vorme ontstaan het nie.

(10)

3.2 Afrika Tradisionele Godsdienste

- Daar is 'n verhouding tussen ATG se leringe en ewolusieleer.
- Die name van sommige Afrika-gemeenskappe word verbind met die name van diere, bv. Ndlovu, Tau.
- Daar is 'n spirituele verbinding tussen ATG se leringe en die diere.
- Die Afrika-konings word ook in sommige gemeenskappe na sekere sterk diere vernoem, bv. die koning van die Zulu's word 'iNkonyama' genoem.
- Wanneer die waarsêer (Isangoma)-leerling sy opleiding as Isangoma voltooi, moet hy/sy eers in 'n rivier soos die Vaalrivier in Gauteng en die Thukelarivier in KwaZulu-Natal ingaan.
- ATG is nie teenstrydig met ewolusieleer nie.
- Volgelinge van die ATG mag egter aanvaar dat die mens nie vanaf ape ontwikkel het nie.

(10)

3.3 Judaïsme

- Die groot Joodse rabbi van die Middeleeue, Maimonides, het gesê dat Bybelse teks as simbolies, en nie as letterlik beskou moet word nie.
- Hy het ook gesê dat teenstrydighede tussen wetenskap en Judaïsme slegs kan gebeur as Bybelse tekse verkeerd geïnterpreteer word.
- Judaïsme sien nie enige teenstrydigheid tussen Judaïsme en ewolusieleer nie. Jode glo steeds dat God in alle situasies die Skepper bly.
- Ewolusieleer onthul sommige van die wette wat God se skepping regeer.
- Ortodokse Jode verwerp ewolusie omdat hulle glo dat dit die letterlike woorde van die geskifte weerspreek.

(10)

3.4 Islam

- Islam bevat 'n reeks sienings wat wissel van verwerping tot aanvaarding van die ewolusieteorie.
- Een siening verwerp ewolusieleer heeltemal omdat dit na bewering die Koran weerspreek.
- Islam glo dat die Koran letterlik gelees moet word.
- 'n Ander siening aanvaar gedeeltes van die teorie, solank verstaan word dat die teorie beperk is en dat Islam die prentjie voltooi.
- Met ander woorde, ewolusie vertel ons hoe die skepping werk, maar nie hoekom ons 'n skepping het of wie die wette van die heelal geskep het nie.

(10)

3.5 Christendom

- Vir die Christendom is daar verskeie sieninge oor ewolusieleer.
- Die konserwatiewe Christene interpreteer die Bybel baie letterlik.
- Die konserwatiewe Christene verwerp die idee dat die wêreld meer as 'n miljoen jaar gelede ontstaan het.
- Die konserwatiese Christene verwerp ook die teorie dat mense uit aapagtige vorme kon ontstaan het.
- Die konserwatiewe Christene glo dat daar 'n groot vloed was en dat die mensdom na die vloed oorbegyn het.
- Baie Christene glo ook dat die Bybel simbolies geïnterpreteer moet word, en nie letterlik nie.
- Sommige Christene beweer dat sekere aspekte van die skepping te kompleks is om deur natuurlike seleksie te kon ontstaan het.
- Hulle sien geen konflik tussen wetenskap en godsdiens nie, solank mens verstaan dat wetenskap die wette ontdek wat God ingestel het om die heelal te skep.
- Hulle glo ook dat slegs God sulke komplekse realiteite kon skep.

LW.: 'n Kandidaat se antwoord mag die sentrale leringe van godsdienste insluit en word sodanig gekrediteer.

(10)
[50]

VRAAG 4

- 4.1
- Die eerste intergodsdienstige dialooginisiatief is in 1893 begin (Wêreldparlement van Godsdienste).
 - Dit is die Wêreldparlement van Godsdienste genoem en in Chicago gehou.
 - Die Unitariese en Universalistiese kerke was die grootste dryfvere agter die inisiatief.
 - Westerse en Oosterse godsdienste is verteenwoordig.
 - Swami Vivekananda het Hindoe-denke aan die Weste bekendgestel.
 - Amerikaans-Indiaanse en Afrikagodsdienste is nie verteenwoordig nie.
 - Dit was 'n belangrike stadium in intergodsdienstige dialoog, omdat Oosterse godsdienste nie voorheen deur die Westerse wêreld verstaan of aanvaar is nie.
 - Christendom, Islam, Boeddhisme en Judaïsme is verteenwoordig. Dit was die beginpunt van moderne intergodsdienstige dialoog.
 - 'n Honderd jaar later is die tweede parlement in Chicago gehou.
 - Hier is 'n besluit geneem om die Parlement elke vyf tot ses jaar in verskillende stede te hou.
 - Die 1993-Parlement het 'n dokument genaamd *Towards a Global Ethic* gepubliseer.
 - Die 1999-Parlement in Kaapstad het verteenwoordiging van bykans al die wêreld se godsdienste gehad.
 - Die laaste Parlement is in 2004 in Barcelona gehou. Die fokus was op godsdienstige toegewydheid om wêreldprobleme op te los.
 - Bv. oorlog/godsdienstige konflik, dwelmshandel, armoede, aardverwarming, ens.
 - Intergodsdienstige liggame voer hul beloftes uit, omdat hulle sterk oortuigings het.
- 4.2
- Sedert die eerste Parlement in 1893, het die wêreld meer 'globaal' geword.
 - As gevolg hiervan is daar nou 'n groter behoefte aan intergodsdienstige dialoog as ooit tevore.
 - Ongelukkig is dit nie die geval nie.
 - Godsdienstigheid is wêreldwyd aan die afneem.
 - Omdat die doeltreffendheid van intergodsdienstige dialoog afhanklik is van die invloed van godsdienste, neem die doeltreffendheid van hierdie dialoog af.
 - Na die eerste Wêreldparlement van Godsdienste het dit 100 jaar geneem om weer een te hou.
 - In 1999 en 2004 het die getalle dieselfde gebly.
 - Hierdie parlemente het nie enige wetgewende magte nie, en kan nie bestaande beleide verander nie.
 - In sekere lande, soos Suid-Afrika, Israel, Nigerië, die Verenigde Koninkryk, is daar doelbewuste pogings om intergodsdienstige dialoog te versterk.

(20)

- Sommige sulke organisasies is die 'Gift of the Givers' in Suid-Afrika, die Wêreldraad van Kerke en die WRGV.
- By 'n Hong Kongse konferensie oor intergodsdienstige samewerking in 1985 het die hoofspreker erken dat sosiale probleme toeneem.
- Die rede, het hy gesê, was dat godsdienstige organisasies nie eerlik was in hul bedoeling nie (Rev Sun Myung Moon, Assembly of World's Religions, Nov 15, 1985).

OF

- Sedert die eerste Parlement in 1893 het die wêreld meer 'globaal' geword.
- As gevolg hiervan is daar 'n groter behoefte aan intergodsdienstige dialoog as ooit tevore.
- Die Wêreldparlement van Godsdienste is in die afgelope jare meer gereeld gehou.
- Die Parlement het besluit om meer gereeld, elke vyf jaar, bymekaar te kom.
- Ongeveer 8 000 afgevaardigdes woon hierdie funksies by.
- Amper alle godsdienste uit verskillende dele van die wêreld is by onlangse Parlemente verteenwoordig.
- Die Parlement en ander intergodsdienstige organisasies ontmoet ook in tye van nasionale en internasionale krisis.

LW. Die kandidaat mag beide suksesse en mislukkings stel – en moet ooreenstemmig gekrediteer word.

(20)

4.3 Die Wêreldkonferensie van Godsdienste vir Vrede (WKGV)

- Dit is in 1970 gestig.
- Dit bestaan uit leiers van alle godsdienste.
- Die gemeenskaplike doelwit was vrede.
- Hierdie liggaam glo dat intergodsdienstige verhoudinge die beste manier is om mense van verskillende rasse, klasse en kulture bymekaar te bring vir 'n gemeenskaplike doelwit.
- Dit is omdat godsdienste mense in verenigde liggames organiseer wat toegewyd is om ander in nood te help.
- Konflik en versoening
- Kinders en gesinne
- Ontwapening en sekuriteit
- Menseregte en verantwoordelikheid Vredesonderwys
- Dit is betrokke by samesprekings en ooreenkomste tussen groepe wat teen mekaar oorlog verklaar het in lande soos Sierra Leone.
- Help met versoening in gemeenskappe wat in konflik met mekaar staan as gevolg van etniese en politieke verskille, soos in Bosnië-Herzegovina en Kosovo.
- Godsdienste vir Vrede, het die hulp van ander organisasies, het gewerk om vredesonderwyspogings in lande soos Israel, Thailand en Japan te versterk.

'African Women of Faith Network' (AWFN)

- Hierdie organisasie bestaan uit vroue van verskillende godsdienstige groepe.
- Hulle werk in Afrikalande om sosiale probleme soos konflik, armoede en siekte op te los.
- Die AWFN is gevorm sodat vroue 'n gesamentlike poging kon aanwend om 'n bydrae tot verandering en ontwikkeling in Afrika te lewer.
- Die AWFN bou verhoudings met ander vroue-organisasies en godsdienstige gemeenskappe.
- Vroue word vaardighede geleer en ontvang finansiële ondersteuning om hulle te help om selfversorgend te word.
- Dit help gesinne om 'n beter lewe te hê.
- Kulturele praktyke wat vroue onderdruk, word bevraagteken.
- 'n Voorbeeld is geforseerde vroulike besnyding wat algemeen is in lande soos Ethiopië, Tanzanië and Nigerië.

LW. Enige ander multi-godsdienstige organisasie kan bespreek word.

(10)
[50]

TOTAAL: 150